

18 Januarie 2022

NUUSBRIEF 1/2022

Geagte Ouers

Met die aanvang van 'n nuwe skooljaar heet ons alle ouers, leerders en personeel van harte welkom. In besonder alle ouers wat vanjaar 'n eerste kind by ons ingeskryf het.

Die 2020 en 2021 skooljare was voorwaar uitdagend en daarom vertrou ons dat 2022 gevul sal wees met baie meer voorspoed, vreugde en vrede vir ons personeel, beheerliggaam, ouers – en veral ons kinders.

Seën en voorspoed word elke ouerhuis toegebid vir die jaar wat voorlê. Laerskool Thabazimbi was nog altyd 'n skool met 'n lojale ouergemeenskap en daarom vertrou ons dat elkeen van u gou by ons sal inskakel en nou met ons sal saamwerk.

Die volgende belangrike sake vir u aandag:

1. NUWE PERSONEEL

Laerskool Thabazimbi verwelkom graag die volgende nuutaangestelde personeel en spreek die vertroue uit dat hulle baie gelukkig sal wees in hul nuwe werksomgewing:

- Me Elmari Wentzel Bevorder na Departementshoof: Tale
- Me Lizette Oosthuizen Onderwyser Graad R Muisklas
- Me Leané Heyneke Onderwyser Graad 4
- Me Jani du Plessis Student-onderwyser
- Me Anica Jordaan Student-onderwyser
- Me Patricia Roberts Bestuurder: Snoepwinkel
- Me Gloria Mhlanga Assistent: Snoepwinkel

2. BELANGRIKE DATUMS

- | | |
|------------------|--|
| 17 Januarie 2022 | Graad 4-ouerinligtingsaand |
| 17 Januarie 2022 | Koor oudisies |
| 18 Januarie 2022 | Graad 1-ouerinligtingsaand (Afrikaans) |
| 19 Januarie 2022 | Graad 1-ouerinligtingsaand (Engels) |
| 21 Januarie 2022 | Interhuis Atletiekbyeenkoms |
| 24 Januarie 2022 | Graad 7-ouerinligtingsaand |
| 26 Januarie 2022 | Atletiek te Laerskool Bosveld (Vriendskaplik) |
| 29 Januarie 2022 | Atletiek te Laerskool Proteapark (Vriendskaplik) |

NB: Die res van die jaar se datums is op die skool se elektroniese kalender beskikbaar. Baie ouers maak reeds gebruik daarvan. Stuur gerus u e-posadres (indien u nog nie van die kalender gebruik maak nie) na kantoor@lsthabezimbi.co.za sodat ons vir u die skakel kan stuur.

Dit is baie handig aangesien u toegang het tot alle datums vir die res van die jaar, asook ander handige hulpmiddels soos padaanwysings na die skole en plekke waar ons deelneem.

3. ONDERSTEUNERSDRAG

Laerskool Thabazimbi se ondersteunersdrag sal binnekort by Obaro beskikbaar wees vir aankope. Die advertensie en pryslys sal op ons skool se Facebook-blad verskyn asook per whatsapp aan u gestuur word.

4. FONDSINSAMELINGSPROJEK

Laerskool Thabazimbi en Hoërskool Frikkie Meyer onderneem vanjaar 'n gesamentlike fondsinsamelingsprojek. 'n Splinternuwe Toyota Fortuner is op die spel teen slegs R100 per kaartjie. Hierdie kompetisie skop af op 1 Februarie 2022 en ons maak staat op elke ouerhuis se ondersteuning ten einde hierdie twee skole in ons gemeenskap uit te bou en te versterk.



5. ATLETIEK 2022

Die afgelope 2 jaar het min sportsoorte behoorlik gefunksioneer en daarom gaan dit 'n spanpoging verg om weer behoorlik op dreef te kom.

Daar word van atlete wat in die onderskeie spanne gekwalifiseer het om deel te neem Vrydag, verwag om alle atletiekoefeninge getrou by te woon. Ons versoek ouers om toe te sien dat hul kinders oefeninge bywoon.

Die volgende reëlings geld vir Vrydag se Interhuisbyeenkoms:

- 07:00 – 07:15 Leerders direk na registerklasse waar die teenwoordigheidsregister voltooi word.
- 07:30 Leerders na pawiljoen in spanverband.
- 07:40 Opening en opkoms van dirigente.
- 08:00 Rondte 1 begin.
- 13:15 Byeenkoms verdaag.

Kleredrag van spanne tydens die Interhuis:

- Duikers: Blou T-hemde
- Koedoes: Rooi T-hemde
- Rooibokke: Wit T-hemde

'n Gemaklike blou/swart sportbroek word saam met die T-hemp gedra.

Die volgende twee byeenkomste is reeds bevestig:

- Woensdag, 26 Januarie 2022 te Laerskool Bosveld Mogol Atletiekstadion (Ellisras)
Byeenkoms begin: 11:30
- Saterdag, 29 Januarie 2022 te Laerskool Proteapark (Rustenburg)

Inligting is reeds op die elektroniese kalender beskikbaar en die program volg sodra dit beskikbaar is.

Baie dankie dat u Laerskool Thabazimbi gekies het as u skool. Ek en my personeel waardeur dit opreg en sal na die beste van ons menslike vermoë, poeg om net die beste vir die leerders en die gemeenskap van Thabazimbi te lewer.

Groete

Mnr J L M Venter
HOOF